CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

JUNIE 2022



# INFORMELE HANDEL:
# GEREELDE VRAE

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

# INHOUD


PERMITTE EN HANDEL-STAANPLEKKE VIR INFORMELE HANDEL 02

HANDEL OP STRANDE EN BY MARKTE 08

VOORBEREIDING EN VERKOOP VAN KOS 10

STEUN VIR INFORMELE HANDELAARS 13

ANDER INFORMELE ONDERNEMINGS 14

BEVORDER JOU ONDERNEMING 18

# PERMITTE EN HANDELSTAAN-PLEKKE VIR INFORMELE HANDEL

## 01 **WANNEER** MOET EK 'N INFORMELE HANDELSPERMIT HÊ?

Daar is 'n informele handelsplan vir 'n hele paar gebiede in die Stad Kaapstad. Handelaars moet 'n permit hê om net op die afgebakende handelstaanplekke in dié informele handelsgebiede handel te dryf.

## Meer inligting:

Informele handel in Kaapstad by
**http://bit.do/ezNw6**

## 02 **KOM** EK IN AANMERKING VIR 'N INFORMELE HANDELSPERMIT?

Enigiemand wat werkloos is, kan vir 'n informele handelspermit aansoek doen, onderhewig aan die voorwaardes van die Verordening op Informele Handel. Jy moet die volgende voorsien:

- ✔ 'n Gewaarmerkte afskrif van jou identiteitsdokument
- ✔ Bewys van adres
- ✔ 'n Beëdigde verklaring om jou werkloosheidstatus te bevestig
- ✔ 'n Foto (van ID-grootte) van jouself

Let wel: Indien jy 'n buitelander is, moet jy gewaarmerkte bewyse lewer van jou wettige status om in Suid-Afrika te kan woon en werk.

**Die Stad reik net een permit per huishouding uit.**

Aansoeke is onderhewig aan die voorwaardes van die Verordening op Informele Handel. Kontak Gebieds- ekonomieseontwikkeling (sien vraag 04 vir kontakbesonderhede).

## 03 **HOE** DOEN EK AANSOEK VIR 'N INFORMELE HANDELSPERMIT?

Jy kan slegs aanlyn vir 'n informele handelspermit aansoek doen deur die aansoekvorm op die Stad se e-Diensteportaal (e-Services) in te vul.

Beskikbare handelstaanplekke word SLEGS geadverteer op die Stad se e-Dienstewebwerf by
**http://bit.do/ezNAK**

**Jy moet die volgende stappe volg:**

- ✔ **REGISTREER** vir Stad Kaapstad se e-Dienste.
- ✔ **AKTIVEER** die informele handelsdiens op e-Dienste.
- ✔ **KIES** die geadverteerde handelstaanplek waarvoor jy aansoek wil doen.
- ✔ **VUL** die kort vraelys in en laai die nodige dokumente op.
- ✔ As jou aansoek slaag, moet jy met die gebiedskoördineerder van die tak Gebiedsekonomieseontwikkeling **BYEENKOM** wat die inligting en dokumente wat jy verskaf het sal nagaan.
- ✔ As alles korrek is, sal bestuur jou aansoek vir **GOEDKEURING** oorweeg en die permit uitreik.

# Meer inligting:

Informele handel in Kaapstad:
**http://bit.do/ezNw6**

Registreer vir e-Dienste:
**http://bit.do/ezNAK**

Doen aansoek vir 'n informele handelspermit:
**http://bit.do/ezNCU**

Vir hulp, besoek jou naaste Gebieds- ekonomiese-ontwikkelingkantoor.

## 04 **WAAR** KRY EK HULP?

Permitte word uitgereik deur die Stad Kaapstad se tak Gebieds- ekonomieseontwikkeling. Kontak die Gebieds- ekonomieseontwikkeling distrikskantore vir hulp met jou aansoek.

### Gebieds- ekonomieseontwikkeling distrikskantore is geleë in:

**Goodwood:**

Goodwood administrasiegebou, hoek van Voortrekker- en De Villiers-weg

**021 417 4043**

**Khayelitsha:**

Blok C, Stocks & Stocks

**021 400 1345**

**Kaapstad:**

Waalstraat 44

**021 400 5379**

**Plumstead:**

Plumstead munisipale kantoor, hoek van Victoria- en Hoofweg

**021 400 2808** / **021 444 9501**

E-pos: **informal.trading@capetown.gov.za**

## 05 **HOE** LANK VAT DIT OM 'N PERMIT TE VERKRY?

Dit vat ongeveer 30 dae nadat jou aansoek ingedien is vir die uitreiking van die permit. Indien jy nie reeds op e-Dienste geregistreer het nie, sal dit minstens vyf dae langer vat om dit te doen en om die informele handelsdiens sodoende te aktiveer.

## 06 **HOEVEEL** KOS 'N PERMIT?

Permitte kos tussen R80 en R1 500 maandeliks. Die prys hang af van die ligging van jou handelstaanplek. Die tariewe word jaarliks in Julie hersien.

## 07 **HOE** GROOT IS DIE HANDELSTAANPLEKKE?

Die grootte van die handelstaanplekke word by die informele handelsplan ingesluit. Die grootte van die handelstaanplek word bepaal volgens die omvang van die hele handelsgebied.

## 08 **MAG** EK 'N STRUKTUUR OP MY HANDELSTAANPLEK OPRIG?

Jy mag wel 'n struktuur op jou handelstaanplek opslaan, maar dit mag nie die grootte daarvan oorskry nie en dit moet aan die gebied se informele handelsplan voldoen. Jy moet dit ook aan die einde van die handelsdag verwyder. Dit word ook aanbeveel dat jy jou gebiedskoördineerder kontak vóór jy jou struktuur iewers plaas.

## 09 **IS DAAR** STOORGERIEWE VIR MY EN TOEGANG TOT TOILETTE?

Die Stad bied gewoonlik nie stoorplek nie.
Indien dit die geval is, moet jy jou eie reëlings tref.

Die Stad poog om te verseker dat alle handelsgebiede naby openbare toiletgeriewe geleë is.

# HANDEL OP STRANDE EN BY MARKTE

## 10 **HOE** DOEN EK AANSOEK VIR 'N STRANDHANDELSPERMIT?

Strandhandelspermitte word uitgereik deur die department Rekreasie en Parke. Om in aanmerking te kom daarvoor, moet jy 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of wettige status hê om in Suid-Afrika te woon en te werk.

Permitte is geldig vir tot drie jaar. As die houer van 'n strandhandelspermit moet jy minstens ses dae per week daar werk.

Jy kan aansoek doen vir 'n strandhandelspermit deur die aansoekvorm in te vul wat jy aanlyn van dokumente-aflaai afdeling kan kry by

**https://bit.ly/30Ec8Nd**

Vir meer inligting, kontak Nadia Oppelt:

**021 400 2013**

**nadia.oppelt@capetown.gov.za**

## 11 **HOE** DOEN EK AANSOEK OM BY NAWEEK- OF AANDMARKTE HANDEL TE DRYF?

Permitte word deur elke mark uitgereik. Jy moet regstreeks die bestuurder van 'n mark skakel om aansoek te doen. Vir die markte in Stadsbesit, word die besonderhede altyd nader aan die tyd geadverteer.

## Meer inligting:

Kontak jou naaste Gebieds- ekonomieseontwikkeling tak aangaande toekomstige markte (sien vraag 04).

# VOORBEREIDING EN VERKOOP VAN KOS

## 12 **WAT** HET EK NODIG OM KOS VOOR TE BEREI EN TE VERKOOP?

Voedselveiligheid is van uiterste belang vir openbare gesondheid. Jy moet 'n sakelisensie en 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid hê om kos voor te berei en te verkoop. Albei word deur die tak Omgewingsgesondheid uitgereik.

### Meer inligting:

**http://bit.do/ezNYr**

### Kontak:

Colleen Heldsinger:

**0860 103 089**

**colleen.heldsinger@capetown.gov.za**

Omgewingsgesondheid kantore:

**http://bit.do/ezN2K**

# 13 **WAT** HET EK NODIG OM ROU VIS EN VLEIS TE VERKOOP?

Jy het ’n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid nodig om rou vis en vleis te verkoop. ’n Sakelisensie is eers nodig wanneer die vis of vleis gaargemaak word. Albei dokumente word deur die tak Omgewingsgesondheid uitgereik.

Voedselveiligheid is van die uiterste belang vir openbare gesondheid. Vishandel moet aan die gesondheidsregulasies in terme van reuke en afval voldoen.

## Meer inligting:

**http://bit.do/ezNYr**

## Kontak:

Colleen Heldsinger:

**0860 103 089**

**colleen.heldsinger@capetown.gov.za**

Omgewingsgesondheid kantore:

**http://bit.do/ezN2K**

## 14 **WAT** HET EK NODIG OM KOS VANUIT 'N KOSWAENTJIE/ SLEEPWA TE VERKOOP?

Wanneer jy 'n voedselonderneming vanuit 'n koswaentjie/sleepwa in Kaapstad wil bedryf, moet jy eers vasstel of hierdie soort voertuie toegelaat word waar jy van plan is om dit staan te maak.

Dis raadsaam om dit eers vas te stel vóór jy 'n vragmotor en toerusting koop. Ongeag waar jy gaan werk, moet jy altyd 'n sakelisensie en 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid hê wat jou toelaat om kos voor te berei en te verkoop. Sien vraag 12.

**Let wel:** 'n Beleid oor voedselvoertuie word tans ontwikkel.

## Kontak:

Nadia Oppelt:
**021 400 2013**
**nadia.oppelt@capetown.gov.za**

# STEUN VIR INFORMELE HANDELAARS

## 15 **MOET** EK AAN 'N HANDELAARSVERENIGING BEHOORT?

Nee, maar dit kan wel help om lid te wees van 'n vereniging wat namens jou kan onderhandel.

## 16 **HOE** DIEN EK 'N KLAGTE OOR INFORMELE HANDEL IN?

Ons sal jou na gelang van die soort klagte na die geskikte persoon/departement verwys.

Kontak Wetstoepassing om 'n klagte teen 'n informele handelaar in te dien.

Kontak die Ombudsman om 'n klagte teen die Stad in te dien.

## Meer inligting:

**https://bit.ly/2SmRVqK**

**021 480 7700**

**lawenforcement@capetown.gov.za**

# ANDER INFORMELE ONDER-NEMINGS

## 17 **HET** EK 'N PERMIT NODIG OM 'N ONDERNEMING VAN DIE HUIS TE BEDRYF?

Indien jy 'n onderneming tuis wil bedryf, moet jou eiendom die regte sonering en grond-gebruiksvergunnings hê. Besoek jou plaaslike Distriksbeplanning kantoor vir hulp en advies.

### Meer inligting:

https://bit.ly/3itEqA8

### Distriksbeplanning kantore:

https://bit.ly/3ir51Ot

Watter ander lisensies jy moet hê hang af van die soort onderneming wat jy van die huis wil bedryf. Bv. vir die voorbereiding en verkoop van kos is 'n sakelisensie én 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid 'n vereiste.

Omgewingsgesondheid kantore:

**http://bit.do/ezN2K**

## 18 **WAT** HET EK NODIG OM 'N SPAZA-WINKEL TE BEDRYF?

Spaza-winkels moet aan gesondheidsregulasies oor geraas, reuke, dampe, huishoudelike afval, riool en afvalwater voldoen. Die Stad se tak Omgewingsgesondheid kan jou meer inligting gee oor wat jy vir die bedryf van 'n spaza-winkel benodig.

### Meer inligting:

**http://bit.do/ezNMd**

### Omgewingsgesondheid kantore:

**http://bit.do/ezN2K**

**021 400 6513 / 6489**

## 19 **HET** EK 'N PERMIT NODIG OM 'N MASSEERDIENS TE BEDRYF?

Ja, jy moet 'n sakelisensie hiervoor by die Stad se tak Omgewingsgesondheid kry.

### Meer inligting:

**http://bit.do/ezNYr**

## Kontak:

Colleen Heldsinger:

0860 103 089

colleen.heldsinger@capetown.gov.za

Omgewingsgesondheid kantore:

http://bit.do/ezN2K

## 20 HOE DOEN EK AANSOEK VIR 'N PERMIT VIR STRAATOPTREDE OF OPENBARE KUNS?

Kontak die departement Kuns en Kultuur om vir 'n permit aansoek te doen om in die openbaar op straat op te tree of kuns te bedryf.

## Riglyne vir Openbare Kuns en Straatoptrede in Kaapstad:

http://bit.do/ezNXV

## Kontak:

021 444 7695

artsand.culture@capetown.gov.za

## 21 HOE DOEN EK AANSOEK VIR 'N DRANKLISENSIE?

Die verkoop van alkohol word streng beheer. Lisensies word deur die Wes-Kaapse Drankowerheid uitgereik.

Jy kan self aansoek vir 'n dranklisensie doen of jy kan 'n regspraktisyn aanstel om jou daarmee te help.

Die Stad se eenheid Drankwetstoepassing en Nakoming verseker dat drankverkopers aan die reëls en regulasies voldoen.

## Meer inligting:

**http://bit.do/ezNZ8**

## Kontak:

**021 596 1999**
**lawenforcement@capetown.gov.za**

Indien jy 'n vermaaklikheidslokaal het moet jy ook 'n vermaaklikheidslisensie van die tak Omgewingsgesondheid en 'n polisieklaringsertifikaat by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) kry.

## Meer inligting:

**http://bit.do/ezNYr**

## Kontak:

Colleen Heldsinger:
**0860 103 089**
**colleen.heldsinger@capetown.gov.za**

Omgewingsgesondheid kantore:
**http://bit.do/ezN2K**

# BEVORDER JOU ONDERNEMING

## 22 **HOE** KAN EK STADSGROND HUUR OF KOOP?

Die Stad verhuur en verkoop onroerende eiendom deur sy departement Eiendomsbestuur. Dit kan ook lewensvatbare eiendom deur 'n mededingende proses verhuur of verkoop.

### Meer inligting:

**https://bit.ly/3nibuPm**

### Kontak:

**021 400 3900**

## 23 **WAAR** KRY EK BEDRYFSADVIES?

Indien jy 'n klein, medium of mikro-onderneming (KMMO, of SMME in Engels) het, of 'n entrepreneur is wat van plan is om 'n onderneming te stig en ontwikkel, skakel die Stad se Sakehub vir hulp. Die Sakehub-diens verskaf inligting oor die vestiging en ontwikkeling van 'n onderneming.

## Die Sakehub kan jou só help:

- **OM JOU IN AANRAKING TE BRING** met sakevennote, finansiers/befondsers, steunorganisasies of Stadsdepartemente.
- **BIED** ondernemingsontwikkelingsprogramme **AAN**.
- **VOORSIEN** inligting en riglyne oor die Stad se sakeverrigtinge.
- **BIED** verskafferontwikkelingsprogramme vir die Stad se verskaffers **AAN**.

Jy kan die inloopsentrum by Adderleystraat 34A, Strand wandelhal, Kaapstad besoek of die hulptoonbank deur die Stad se inbelsentrum kontak.

**https://bit.ly/2GFm8i3**

## Sakeverwante navrae:

**021 417 4043**

**business.support@capetown.gov.za**

## 24 **SAL** DIE STAD MY BEFONDSING VIR MY KLEINSAKEONDERNEMING GEE?

Die Stad befonds nie kleinsakeondernemings nie, maar die Sakehub kan jou meer inligting oor finansieringsopsies gee.

## Meer inligting:

https://bit.ly/3ndFhIS

## Kontak:

021 417 4043
business.support@capetown.gov.za

## Besoek:

Adderley-straat 34A, Strand wandelhal, Kaapstad

# 25 **HOE** KAN EK MET DIE STAD SAKE DOEN?

Om sake te doen met die Stad, moet jy eers registreer as 'n verskaffer. Jy kan aanlyn registreer by die Stad se e-Diensteportaal webwerf. Die Stad bied hulp en opleiding aan mense wat hulle as verskaffers van die Stad Kaapstad wil laat registreer. Daar is 'n handleiding beskikbaar wat jou hiermee help.

## Meer inligting:

https://bit.ly/2Go4aB3

Opleiding: Elke Woensdag by Media City, Heerengracht 1, (BMW Strandgebied)

## Handleiding:

https://bit.ly/2GphTHF

# Meer inligting:

supplier.management@capetown.gov.za

Die Stad adverteer aanlyn alle tenders en versoeke vir kwotasies (RFQ) op sy tender- en verkrygingsportale. Daar is 'n kontakpersoon vir elke tender en RFQ om jou met enige navrae te help.

# Kontak:

Emmanuel Vumase:
021 400 1111

# Tenders:

http://web1.capetown.gov.za/web1/TenderPortal

# Versoek van kwotasies (RFQs):

http://web1.capetown.gov.za/web1/ProcurementPortal

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.